Hoe kan 'n liefdevolle God iemand hel toe stuur?

—deur dr. Peter Hammond

Daar is geen ernstige, goeie mens wat opreg na God soek wat sonder meer verdoem sal word omdat hulle nog nooit die Evangelie van Christus gehoor het nie.

Een van die mees algemene besware wat dikwels voor Christene se koppe gegooi word, kan in hierdie woorde opgesom word: Hoe kan 'n liefdevolle God enigiemand hel toe stuur? Wat van die Eskimo's en die Pigmeë en ander primitiewe, verafgeleë stamme wat nog nooit die Evangelie van Christus gehoor het nie? Sal God hulle veroordeel? Die kort antwoord op die vraag is: Nee! Natuurlik sal niemand veroordeel word omdat hulle nie geglo het in Iemand van wie hulle nog nooit gehoor het nie. Ons word geoordeel volgens die lig wat ons ontvang het.

> ***"Maar Hy sal Sy oordeel en straf uitgiet oor hulle wat halsstarrig weier om die waarheid te gehoorsaam en toegee aan die ongeregtigheid."*** **Rom 2:8**

Algemene openbaring

"...Van Sy hemelse woonplek af maak God Sy straf bekend oor die mense wat goddeloosheid en ongeregtigheid bedryf en so die waarheid onderdruk. In hulle harte het hulle immers die duidelike besef van God, want God het dit aan hulle bekendgemaak.

Want al is God onsigbaar, kan hulle Sy ewige krag en Sy Goddelikheid reeds van die skepping van die wêreld af duidelik uit Sy handewerk waarneem..." Rom 1:16-21. Enigeen het die voordeel van 'n Algemene Openbaring in die natuur. Ons kan iets van die Skepper in Sy Skepping sien. *"Die Hemele verkondig die heerlikheid van God, die uitspansel getuig van die werk van Sy hande."* Ps 19:1. God se onsigbare eienskappe kan verstaan word as op die sigbare dinge in die Skepping gelet word. In die lig hiervan, is die hele wêreld sonder 'n verskoning indien hulle God verwerp. Niemand kan op onkunde aanspraak maak indien hulle weier om Hom te eer of Hom dankbaar te wees vir alles nie.

Die ewigheid in hul harte

In sy boek 'Eternity in their Hearts' het Don Richardson gedokumenteer dat selfs primitiewe stamme 'n basiese begrip van 'n Skepper, die Skepping en reg en verkeerd het.

Drome, gesigte en ontmoetings

In die DVD 'More Than Dreams' hoor ons van Moslems wat geen toegang het tot sendelinge of formele evangelisasiewerk nie. Hulle word, sonder twyfel en in antwoord op gebed van God se kinders, tot groot sonde-oortuiging gelei en word in hul drome met die werklikheid van Christus gekonfronteer. Hulle het tot volle oortuiging van hul redding gekom. Alhoewel alle mense toegang het tot die Lig van die Skepping en oor gewetes beskik, leef die meerderheid in rebellie teen die Almagtige God.

Mense is rebels

Wanneer ons betrokke is by persoonlike evangelisasiewerk in werksplekke, kom ons soms mense teë wat sê dat hulle nie in die Bybel, die Wet van God of in Jesus Christus glo nie. Dit is dan dat ek gewoonlik vra watter norme en maatstawwe hulle in hul alledaagse lewe gebruik. Oor die algemeen handhaaf hierdie mense baie hoë standaarde en is hulle gedrag uitstekend – dikwels is dit net 'n variasie op Christus se 'Goue Reël' wat in die Bergpredikasie weergegee word.

Indien ek dan vra of hulle altyd volgens dié norme en standaarde geleef het, is die antwoord sonder uitsondering: Nee! Ek het nog nooit iemand teëgekom wat daarop aanspraak gemaak het dat hy/sy nie hul eie standaarde geskend of verbreek het nie! Of almal dus die Lig van die Skepping of hul gewetes het, of nie, niemand leef ooit 100% daarvolgens nie. Ons het 'n baie spesiale Openbaring in die Bybel nodig. Ons is skuldige Wetsverbrekers.

Die mens se verdorwenheid

"Dit is soos die Skrif sê: 'Niemand is goed nie – selfs nie een enkele een nie... almal het sleg geword. Daar is niemand wat die goeie doen nie – selfs nie een enkele een nie. Hulle taal is vieslik soos stank wat uit die oop graf kom. Met hulle tonge pleeg hulle bedrog. Die gif van dodelike slange drup van hulle lippe. Hulle monde is vol vervloeking en bitterheid... Eerbied vir God speel by hulle geen rol nie." Rom 3:10-18. Dit is die waarheid. »

Hoe kan 'n liefdevolle God iemand hel toe stuur?

Dit is die waarheid. Die voorveronderstelling by die vraag: "Hoe kan 'n liefdevolle God enigiemand hel toe stuur?" is 'n algehele misverstaan van God en die mens se aard. Dit weerspieël 'n totale onbegrip van God se heiligheid en geregtigheid asook die sondigheid en verdorwenheid van die mens.

God se heiligheid

Dit is ongelukkig so dat baie predikante en pastore deurgaans 'n ongebalanseerde weergawe van God se aard gee en die meeste mense dink dat God nét liefdevol en genadig is. Dit is egter 'n feit dat die engele in die hemel deurentyd sing: "Heilig! Heilig! Heilig!" God se Heiligheid en Geregtigheid vereis dat onboetvaardige moordenaars, godslasteraars, verkragters, diewe en leuenaars met straf hanteer moet word. Ons moet dalk sitplekke ruil en aan ons vraagstellers vra: "Wat, dink jy, behoort God te doen met onboetvaardige moordenaars? Kerkvervolgers? Marxistiese massamoordenaars? Terroriste? Vroueslaners? Verkragters? Wilddiewe? Haatdraendes? Bedrieërs?"

Die Bybel is die Boek met God se Woord, net soos wat die Skepping die Boek met God se Werke is. Algemene openbaring laat alle mense sonder verskoning.

God se toorn

Hoe kan 'n Heilige God nie boosheid straf nie? God is 'n God van liefde en lig. Hy is 'n God van Genade en Geregtigheid. God is Genadig, maar ook 'n God van toorn. *"Die Here se toorn het teen ons ontvlam..."* 2 Kon 22:13. *"Wie glo in die Seun, besit nou reeds die ewige lewe; wie egter aan die Seun ongehoorsaam is, sal die lewe nie ervaar nie, maar die oordeel van God rus op hom."* Joh 3:36.

Het God almal nie ewe lief nie?

Almal wat dit vra, verstaan ook nie die Heiligheid en Geregtigheid van God nie. Hierdie vraag is gebaseer op 'n dwaallering en die antwoord daarop is onomwonde: Nee! Die Bybel is inderwaarheid baie duidelik oor die feit dat daar baie mense is wat vir God eenvoudig nie aanvaarbaar is nie.

Dit word baie sterk gestel: dinge wat God haat – *"Daar is ses dinge wat die Here haat, nee, eintlik sewe dinge waaraan Hy 'n afsku het: oë vol hoogmoed, 'n tong wat lieg, hande wat onskuldiges doodmaak, 'n hart wat slegte planne beraam, voete wat agter kwaad aanloop, 'n valse getuie wat leuens verkoop, en iemand wat rusie veroorsaak tussen broers."* Spr 6:16-19. Trotsaards, leuenaars en goddeloses is deel van dit wat God haat.

Begrip van Sy liefde

"Hulle wat respek het vir die Here, haat dit wat verkeerd is. Daarom het ek geen tyd vir hoogmoed en hovaardigheid of vir 'n verkeerde lewe of slinkse woorde nie." Spr 8:13. Want: *"God het die mensewêreld so liefgehad dat Hy Sy enigste Seun gegee het sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie, maar die ewige lewe sal hê."* Joh 3:16.

Algemene genade

God het die wêreld lief in die sin dat Hy algemene Genade aan sondaars bied. Hy laat die son op regverdiges en onregverdiges skyn. Hy laat dit reën op regverdiges en onregverdiges. Hy het die wêreld so lief dat Hy in die persoon van Sy Seun Jesus Christus aarde toe gekom het. Almal het voordeel getrek uit Jesus se koms na die wêreld asook die geweldige seën wat uit Sy Woord en die werk van die Heilige Gees spruit.

Gelykheid is onbybels

Algemene Genade beteken egter nie dat God almal ewe lief het nie. Niks in die hele Skepping is presies gelyk nie. Duiwe is beslis nie dieselfde as arende nie en sebras is definitief nie dieselfde as leeus nie. Niemand is presies gelyk/dieselfde nie. Nie in geleenthede, vaardighede, talente of in gawes nie.

Mense is beslis nie gelyk in vermoëns, energie of motivering nie. Sommiges werk hard en offer baie op. Ander verkwis hul hulpmiddele en energie op dobbelary en ander verdorwenhede. Sekulêre humanistiese filosowe mag moontlik gelykheid wil afdwing, maar die onwerkbaarheid daarvan is alreeds bewys.

In die gelykenis van die talente (Luk 19: 12-27), leer Jesus ons dat Hy diegene wat getrou en wys in hul diens aan Hom is, ryklik sal beloon, maar die onproduktiewes sal veroordeel word. *"Aan elkeen wat het, sal gegee word, en van hom wat nie het nie, sal weggevat word wat hy besit."* Luk 19:26.

Vryheid om te slaag of te faal

Daar is niks gelykmakend aan die Bybel nie. Gelykheid voor die Wet word in die Bybel beveel (Num 15:15-16). Niemand kan egter gelykheid t.o.v inspanning en resultaat afdwing nie. In die Bybel lees ons dat Enog met God gewandel het en dat Abraham uitgekies is as die Vader van God se volk. Abraham word ook as God se vriend beskryf. Moses het van aangesig tot aangesig met God gepraat en Dawid was 'n man so na God se hart.

Johannes, die Apostel, word beskryf as die 'dissipel wat Jesus liefgehad het'. Jesus het dit ook baie duidelik gemaak dat daar verskillende grade van oordeel sal wees. Hy het gewaarsku dat dit op die Oordeelsdag vir die bose stede Sodom en Gomorra beter as vir Kapernaum sal wees.

Waarom? Boos soos Sodom en Gomorra was, het hulle nooit die Bybel gehad nie en die Messias het nooit in hul strate gestap nie. Kapernaum, egter, het Jesus en Sy Apostels gehad wat daar wonderwerke gedoen het. Tog het hulle Sy Genade verwerp.

Die oordeelsdag

Ons sal volgens die lig wat ons gehad het, veroordeel word. Van die wat veel ontvang het, sal veel vereis word. En van die wat nog meer ontvang het, sal nog meer vereis word. Die Bybel is ook baie duidelik dat daar verskillende grade van beloning in die Hemel sal wees: *"Daar kom egter 'n dag wanneer die kwaliteit van elkeen se werk aan die lig sal kom..."* 1 Kor 3:13-15.

En die Eskimo's en die Pigmeë?

Nou is ons weer terug by die vraag – wat van die Eskimo's, die Pigmeë en die ander primitiewe, verafgeleë stamme wat nooit die kans gehad het om die Evangelie te hoor nie? Daar is, om die waarheid te sê, baie Pigmeë in die Kongo wat reeds hul harte aan die Here gegee het.

As enigiemand ooit aan die verdorwenheid van die mens twyfel, moet hy/sy maar net David Livingstone se joernaal en Henry Morton Stanley se boek 'Through the Dark Continent'(1878) en 'Darkest Africa' (1890) lees. Hierdie twee pioniers gee 'n baie duidelike beeld van presies wat die stand van die beskawing in hierdie kontinent was voordat die Evangelie verkondig is. Kannibalisme, verraad en slawerny was aan die orde van die dag. Vele van die dorpies in die Kongo was versier met die kopbene van tienduisende slagoffers van kannibalisme.

Winston Churchill het verklaar: "Sosialisme kan net in die Hemel werk, waar dit nie meer nodig is nie, of in die hel, waar hulle dit reeds het."

Almal weet daar is 'n God en dat ons teenoor Hom aanspreeklik is

Daar is geen ernstige en goeie mense wat opreg na God soek wat sonder meer deur God verdoem sal word bloot omdat hulle nog nooit die Evangelie van Jesus Christus gehoor het nie. God het Sy Ewige krag en karakter aan elke mens op hierdie planeet openbaar, of dit nou deur Algemene Openbaring in die Skepping of deur hul eie gewete is, elke mens weet baie goed dat daar wel 'n God is en dat hy of sy teenoor Hom aanspreeklik is. En tog is almal aan God ongehoorsaam. Jesus Christus het na hierdie wêreld gekom wat alreeds verlore en op pad hel toe was. Hy het gekom om hierdie wêreld vry te koop, omdat hulle alreeds veroordeel is omdat hulle die Skepper verwerp en Sy Heilige Wette oortree het.

Werk hard sodat God jou kan goedkeur...

Karl Marx het eens verklaar: "Die eerste slagveld is die herskryf van die geskiedenis." Sekulêre humanistiese handboeke en Hollywood-films poog om die werklikheid só te herrangskik dat die Christendom en ons voorouers daardeur gediskrediteer word. Ons moet die Woord van God ken en ons moet Sy handewerk in die geskiedenis ken. *"Werk hard sodat God jou kan goedkeur. Wees 'n goeie werker, een wat nie nodig het om hom te skaam nie; iemand wat die woord van die waarheid reg verduidelik."* 2 Tim 2:15 ■

DR. PETER HAMMOND, *sendeling, outeur en konferensiespreker. E-pos mission@frontline.org.za, besoek www.frontline.org.za of skakel hom by 021 689 4480.*